

**Ons kyk vandag na die vrug van die Gees.**

**Lees Galasiërs 5:13-26 deur.**

## Galasiërs 5:13-26

**13Julle, broers, julle is tot vryheid geroep.
Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n
verskoning om sonde te doen nie, maar dien
mekaar in liefde. 14Die hele wet word in
hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou
naaste liefhê soos jouself." 15Maar julle byt
en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar
nie later heeltemal verslind nie.**

16Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds
deur die Gees van God beheers word, dan sal
julle nooit swig voor begeertes van julle
sondige natuur nie. 17Wat ons sondige natuur
begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en
wat die Gees wil, is in stryd met wat ons
sondige natuur begeer. Hierdie twee staan
lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle
nie doen wat julle graag wil nie. 18Maar as
julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie
meer onder die wet nie.

19Die praktyke van die sondige natuur is
algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid,
losbandigheid, 20afgodsdiens, towery,
vyandskap, haat, naywer, woede, rusies,
verdeeldheid, skeuring, 21afguns,
dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike
dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër
gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge
skuldig maak, sal nie die koninkryk van God
as erfenis verkry nie.

22Die vrug van die Gees, daarteenoor, is
liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid,
goedhartigheid, getrouheid, 23nederigheid en
selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet
niks nie. 24Dié wat aan Christus Jesus
behoort, het hulle sondige natuur met al sy
hartstogte en begeertes gekruisig. 25Ons lewe
deur die Gees; laat die Gees nou ook ons
gedrag bepaal. 26Ons moenie verwaand wees,
mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees
nie.



**Dink vir ‘n oomblik aan ‘n vrugte boom. Wanneer jy die boom sien, kan jy sê watter boom dit is deur na sy vrug te kyk.**

**‘n Appelboom dra appels, ‘n Lemoenboom lemoene.**


**Maar jy sal nooit appels of lemoene aan ‘n doringboom sien nie.**

# Matteus 7:15-20

15“Pas op vir die vals profefete. Hulle kom na julle toe in
skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende
wolwe. 16Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n
mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan
dissels? 17Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar
'n slegte boom dra slegte vrugte. 18'n Goeie boom kan
tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie
goeie vrugte nie. 19Elke boom wat nie goeie vrugte dra
nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. 20So sal julle
die vals profete dan aan hulle vrugte ken.”


**Die wêreld sal jou ken aan die vrug wat jy dra…**

liefde
vreugde
vrede
geduld
vriendelikheid
goedhartigheid
getrouheid
nederigheid en
selfbeheersing



onsedelikheid
onreinheid
losbandigheid
afgodsdiens
towery
vyandskap
haat, naywer
woed
rusies
verdeeldheid
skeuring
afguns
dronkenskap
uitspattigheid
en al
dergelike
dinge.

**Watter vrug dra jy in jou lewe?**



# DIE BRON VAN DIE VRUG

**"16Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie."**

**"25Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."**

**Die Vrug van die Gees begin nie by ons eie krag of wilskrag nie. Ons kan nie sê: "Vandag besluit ek om more meer liefdevol te wees" en dit op ons eeie volhou nie. Ons het die Heilige Gees nodig.**

# Johannes 15:5

**“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”**



**Sonder Christus en die Gees bly ons lewens dor en leeg.**
**Maar gewortel in Hom, vloei sy lewe deur ons en bring vrug voort.**

- **Vra elke dag: “Heilige Gees, vul my, lei my, maak my soos Jesus.”**
- **Bou ’n gewoonte van gebed en Skrif – dis hoe ons by die wingerdstok bly.**

# DIE AARD VAN DIE VRUG

liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,

nederigheid en selfbeheersing.



**Dink aan elke deel van die vrug van die Gees.**

**Is dit tans hoe ander jou sien?**

**Verteenwoordig jy die Here so deur jou lewe?**


# DIE DOEL VAN DIE VRUG

- Om God te verheerlik
- Om ander te seën
- Om meer soos Jesus te wees









# Matteus 5:14-16

**14“Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n
berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15ook steek
'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer
nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir
almal in die huis. 16Laat julle lig so voor die
mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien
en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.**

**Mense "proe" jou lewe. Party mense se woorde smaak bitter, ander se dade is suur. Maar as die Gees in jou werk, proe mense die soetheid van Jesus in jou woorde en jou optrede.**



**’n Boom kies nie sy vrug nie – dit vloei natuurlik uit sy wortels. Ons kan nie self die vrug van die Gees produseer nie. Maar as ons wortel skiet in Christus, as die Gees in ons leef, sal daar vrug kom.**

**Soos Paulus sê in Galasiërs 5:25: "25Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”**

**Wat dra jy? Bitter vrug van die vlees, of die soet vrug van die Gees?**

**Gee jou lewe, jou gewoontes, jou woorde, jou karakter oor aan die Heilige Gees. Laat Hom jou vorm, sodat mense aan jou lewe Jesus kan proe.**